Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Vuyelwa Madasi**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Vuyelwa.Madasi@westerncape.gov.za | 021 467 2108

Lêerno.: 5/8/4/1/2
Verwysing: 20240606-4436

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0011/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare en tersaaklike spesiale skole

**Onderwerp: Aflewering van graad R- tot 9-DBO-werkboeke vir 2025**

1. Soos in 'n brief van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) uiteengesit, sal die DBO werkboeke vir die 2025-skoolkalenderjaar druk en aan alle openbare skole (gewone en spesiale skole) in die Wes-Kaap versprei.

2. Die volgende boeke sal direk by skole afgelewer word:

- Graad R-werkboeke
- Graad 1 tot 6 Huistale
- Graad 1 tot 3 Wiskunde in die taal van leer en onderrig (TLO)
- Graad 4 tot 9 Wiskunde in Engels en Afrikaans
- Graad 1 tot 6 Engels Eerste Addisionele Taal
- Graad 1 tot 3 Lewensvaardighede in die TLO

3. **Afleweringsdatums**

3.1 Volume 1 vir 2025 (Kwartaal 1 en 2) en vir graad R sal teen 30 September 2024 by alle skole afgelewer word.

3.2 Volume 2 vir 2025 (Kwartaal 3 en 4) sal teen 30 November 2024 by alle skole afgelewer word.

4. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) is gedurende Maart 2024 versoek om die DBO van die geprojekteerde leerdergetalle te voorsien vir werkboeke wat vir 2025 gedruk en afgelewer moet word. Die leerdergetalle wat aan die DBO voorsien is, is op die betrokke SOBIS-inligting wat op daardie tydstip beskikbaar was, gebaseer.

5. Die getal werkboeke wat by elke skool afgelewer moet word, stem ooreen met die leerdergetalle wat deur die WKOD aan die DBO verskaf is. Die getal werkboeke wat skole per graad van die DBO vir aflewering kan verwag, kan onder leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) (KABV-handboeke) op die WKOD se webwerf besigtig word. (Die webadres is https://wcedonline.westerncape.gov.za/learning-and-teaching-support-material-ltsm)

6. ’n Riglyndokument wat die prosedure voor en tydens die aflewering van die werkboeke uiteensit, is as **Bylae A** by hierdie minuut aangeheg.

7. Wanneer die werkboeke deur die DBO-diensverskaffer afgelewer word, moet skole die getal werkboeke wat afgelewer is met die getalle wat op die bogenoemde webwerf verskaf is, vergelyk. Enige aflewerings in die verkeerde tale of enige tekorte moet op die afleweringsbewys aangedui en met die diensverskaffer wat die werkboeke namens die DBO afgelewer het, bespreek word.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2024-06-25